# Die Fees van Onse Liewe Vrou van Lourdes

## 11 Februarie



© Die Oratorium Uitgewery

In 1858 het die Maagd Maria aan ’n jongmeisie genaamd Bernadette Soubirous naby die dorpie Lourdes, in die suide van Frankryk, verskyn. Dit het by die Masabielle grot gebeur waar die 14-jarige Bernadette gaan hout soek het. In totaal was daar 18 verskynings vanaf 11 Februarie tot en met 16 Julie 1858. Maria het haar as die Onbevlekte Ontvangenis bekend gemaak (’n dogma wat skaars 3 jaar vantevore deur pous Pius IX afgekondig is en beslis nie iets waarmee ’n ongeletterde plattelandse meisie vertroud sou wees nie). Ná aanvanklike teenkanting deur die dorpsmense en plaaslike kerklike owerhede het die Kerk die egtheid van dié verskynings in 1862 erken. Gou het Lourdes een van die belangrikste bedevaartsoorde in die wêreld geword. Derduisende pelgrims besoek jaarliks die heiligdom en meer as 6000 wonderbaarlike genesings is al aangemeld, waarvan daar tot op hede 67 amptelik as sodanig erken is, ná ’n deeglike ondersoek deur ’n span mediese spesialiste.